Tel: +27 (0)12 643 3400
Fax: +27 (0)86 550 9464

Email: info@agrigauteng.com
Web: www.agrigauteng.com

Private Bag X180, Centurion, 0046 , RSA
Inkwazi Office Park, Block A, 1249 Embankment Road, Zwartkop X7

26 Desember 2020

Beste Vriend

Voordat ek jou groet vir 2020, wil ek eers saam met jou terugkyk na die jaar wat verby is.

Dit was ‘n jaar waarin ons geleef het met ‘n lag en ‘n traan.

Ons het by AgriGauteng groot skuiwe gemaak.

- Ons het ons ledetal verhoog
- Ons het heelwat korporatiewe lede bygekry
- Ons het ons Sentrums van Uitnemendhede uitgebou met mense wat ‘n verskil maak
- Ons het lessenaars bygesit, ‘n digitale -, internationale – Nampo Alpha en ‘n Urban farming
- Ons het ‘n nuwe webbladsy ontwikkel - agrigauteng.co.za
- Ons is besig om ‘n MOU met Fairdeal (wat keer dat die regering storting van oorsee se produkte toelaat) op te stel
- So sou ek kon aangaan, oor ons Ekspo, golfdag, Jongboer – water- en veiligheids webinare

Ek wil ook namens die hele AgriGauteng vir Thinus en Ayanda dankie sê. Hulle het ongelooflik moeite gedoen om ons landbouwiele gedurende COVID aan die rol te hou. (Almal wat permitte moes kry om te kan produk aflewer, het gekry). Hier teen die einde van die jaar het hulle seker gemaak dat ons netwerke uitbrei sowel as instand gehou word.

Wat nie vir ons goed was hierdie jaar nie is;

- Ons kon nie saamkuier nie
- Ons moes alles digitaal begin aanbied
- Ons het toenemend lede wat sukkel om te betaal
- Ons korporatiewe lede het finansieël swaar geky

Nou groet ek jou met ‘n glimlag. Mag volgende jaar ‘n jaar wees waarin saamwerk, saamdink, saam soek, saam weerstand bied en ook saam bid wees.

Ek groet jou met ‘n traan vir plaasaanvalle en plaasmoorde wat plaasgevind het. Ek groet jou oor nog ‘n jaar wat verby is. Dis vir my sleg om jou te groet omdat ek nie self jou vrae kan antwoord nie. Ek gaan net een vraag uitlig.

Een van die vrae wat ons hierdie jaar telkens gehoor het is: “Hoekom moet ek by ’n Landbouvereniging aansluit?” Mens wil amper begin met ’n vraag, “Hoekom nie?”

AgriGauteng en AgriSA is ’n organisasie wat 24-uur per dag, sewe dae per week, 12 maande per jaar besig om alles moontlik te doen om dit vir elke Boer in ons land veiliger en beter te maak. Dit is ‘n organisasie wat vir afslag op lone, diesel en belasting beding. Ons het gereeld opgetree teen grondbesettings en vergrype. Ons is met ons nuwe veiligheidsplan, voltyds besig om hierdie Kersvakansie besig om elke Boer op sy plaas te help veilig hou

Mag jy die genade van kersfees ervaar en mag sy vrede jou dra.

Bly asb gesond en veilig.

Groete

Thinus van Zijl
CEO: Agri Gauteng
Tel: 012 643 3400
ceo@agrigauteng.co.za

Dr Willem Pretorius
President: Agri Gauteng
Tel: 012 643 3400
wpretorius@agrigauteng.com